# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***

## Gereformeerde Kerk Noordrand

**22 Mei 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:30** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Skrifgedeelte:** Efesiërs 1:15-23
**Teksvers:** Efesiërs 1:20-22
**Boodskap:** Hemelvaart – ons vier Christus se koningskap en heerskappy!

***Eredienste : Noordrand YouTube kanaal***

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat '*Live*' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## Kollektes : 22 Mei

- Diakonie
- GKSA Sustentasiefonds

## Meelewing

***Meelewing – Covid-19***

Dries van Zyl het die week positief getoets. Ons bid dat die Here hom en al die ander lidmate wat ook siek is weens covid-19 sal seën met herstel en genesing.

***Meelewing – spesiale verjaarsdae***

Baie geluk aan Jan de Klerk wat eerskomende Woensdag sy 81ste verjaardag vier. Jan ons bid jou die krag en seën van die Here toe vir die nuwe lewensjaar.

## Teeskinkbeurte:

22 Mei: Jeanne Prinsloo; Judy Möller; Angeret Breedt
29 Mei: Drienie Vorster, Esthel Venter; Ina vd Berg
5 Junie: Gretha Dreyer, Lesley Stander, Christie Steyn

***(Ons was nie die koppies, pak net in wasbak en Samuel was dit)***

Indien daar nog susters is wat bereid is om tee te skink op 'n Sondag, kontak asb vir Jeann.

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**23 Mei:** Anita Schutte
**25 Mei:** Jan de Klerk; Eric Mohlen
**26 Mei:** Miriette Hoogendyk; Leon Rossouw
**27 Mei:** Esthel Venter; David Conradie

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 23:26-28

Glo my, my seun, en onthou wat ek jou leer: 'n slegte vrou is soos 'n gevaarlike afgrond, 'n ander man se vrou is soos 'n put waaruit jy nie kan kom nie; sy lê op die loer soos 'n rower, sy laat die een man na die ander 'n egbreker word.

***Kooruitvoering – 27 Mei 2022***

Die Walliese manskoor van Suid-Afrika hou 27 Mei `n kooruitvoering by Markspark Die fondse gaan vir hulpverlening in die Oekraïne. Sien die plakkaat by die deur vir meer inligting.

## *Lofprysing en Psalms*

*FFortissimo* hou Sondag 12 Junie om 15:00 `n lofprysings samekoms in ons kerkgebou. Die geleentheid huldig die orrelis prof Henk Temmingh met die première van 4 Bedevaartsliedere wat deur hom geskryf en gekomponeer is. Die program sluit ook werke in van Leonard Bernstein, Howard Goodall, César Franck (wie se geboorte ons 200 jaar gelede herdenk) en Awie van Wyk. Die begeleiding op orrel en/of klavier word deur ons orrelis, Daniela Pretorius, Marnus Greyling en Gideon Els behartig. Daar sal ook samesang wees. Die vokale ensemble – *FFortissimo* – se doel is om deur middel van sang ons lofprysing aan die Here te gee. Die geleentheid sal geestelik verrykend wees.




## *Jesus mors nie met woorde nie*

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

In my kinderdae het dominees togas gedra, wanneer hulle preek. In sommige kerke het hulle ook 'n seremoniële lappie, bekend as 'n beffie, om hul nekke gedra. Toe iemand een keer vir 'n leraar vra hoekom hulle dit om hul nek dra, het hy droogweg opgemerk dat dit eintlik 'n servet is, "want ons is morsig met ons woorde!" Ongelukkig doen baie mense dit vandag nog - ek bedoel hulle

mors met woorde. Hulle glo daardie persepsie: "Langer is beter!" Langer navorsing, langer nadenke, langer vergaderings, langer samekomste, langer gesprekke, langer preke en langer gebede is blykbaar die geheim tot die ontsluiting van die waarheid. Wel, nie altyd nie. Langer is nie outomaties meer korrek, of meer betroubaar nie. Korter is dikwels beter.

Insig, deursigtigheid, wysheid en waarheid is nie afhanklik van 'n massa woorde nie. Dít leer ek by Jesus. Toe Hy op aarde was, het Hy nooit met woorde gemors nie. Die meeste van Sy uitsprake is kort en kragtig:

> *"Salig is die wat honger en dors na dit wat reg is. Hulle sal versadig word."*
> *"Soek heel eerste die koninkryk van God en die res sal vir jou bygevoeg word."*
> *"As jy agter My wil aankom, moet jy jou kruis optel en My volg."*
> *"Wie eerste is, sal laaste wees en wie laaste is, eerste."*

Jesus se kort uitsprake is nie net mooi-klinkende woorde nie. Of goed-voel lesse nie. Elke slag wil Jesus hiermee 'n ruim venster oopmaak op God se wêreld. Sy kort woorde is ook uitnodigings om vars en anders oor God en oor die lewe te dink. Dit is lewensveranderende padwysers na God en na mekaar toe. Jesus se woorde gee lewe vir ewig, soos wat Petrus in Johannes 6 bely. Jesus het nie 'n stortvloed van woorde nodig nie. Al wat vir Hom saak maak, is die regte woorde! Leer asseblief hierdie lewensbelangrike les by Hom. Leer dat die waarheid gewoonlik kort en kragtig is. Moenie morsig met jou eie woorde wees nie. Leer dit oor en oor by Jesus. Leer dit ook by diegene, wat nie met woorde mors, wanneer hulle oor God en oor die lewe praat nie.

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

**BYDRAES EN DONASIES**

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

## DIE BENE

n Ou prediker het eendag na aanleiding van die skrif in Eseg 37 oor die dooie bene wat weer lewend geword het .. gepreek en gese dat daar in elke kerk ten minste ses soorte bene te vind is.

**WENSBENE...** Dis diegene wat wens die diens is al verby...hulle wens die prediker wil nou ophou preek...hulle wens die kerk moet groei en hulle wens ook sommer vooruit dat niemand hulle moet vra om iets te doen vir die kerk nie.

**SKOKBENE...** Dis n baie kleinserige beentjie en as jy net aan hom vat dat wip hulle en vat die pad. Hulle wil op elke komitee en raad dien en as hulle nie daar verkies word nie wil hulle ook sommer nie meer kerk toe gaan nie...Hulle moet altyd gepamperlang word anders kry hulle seer.

**KAKEBENE...** Dis die mense wat altyd n mondvol te se het...Hulle praat oor die predikant...oor die musikante...hulle praat kwaad van al die ander gemeente lede...Hulle praat groot oor wat hulle alles vir die kerk gaan doen maar as dit tyd kom om skouer aan die wiel te sit sit is hulle eintlik niks meer aas bulkende esels kakebene nie.

**DORBENE...** Jy kry hulle in elke gemeente...netjies skoon...sierwit en as jy na hulle uiterlike kyk is hulle skoon maar hulle is DOOD...Hulle doen nooit niks nie...hulle le net rond want hulle is mors dood. Hulle kan nie eers n glimlag uit deel nie want hulle is dood.

**KOPBENE...** Hulle is die wat altyd aan die hoof van alles wil wees. Hulle wil die hoof ouderling wees...die hoof van die Sondagskool... die Hoof van elke besluit wat geneem moet word...Hulle is so status bewus dat hulle eintlik van geen geestelike waarde is nie.

**RUGGRAAT BENE....**Hulle is die mense wat nie eers besef hoe belangrik hulle vir die werk van die Here is nie. Hulle is daardie staatmakers en jy vra net eenkeer en alles val in plek...soms het jy nie eers nodig om te vra nie ...hulle identifiseer self waar daar behoeftes is en val sommer weg en maak werk daarvan. Hulle is steunpilare vir die predikante vir die gemeente en vir die Here.

Gaan raak stil voor die Here en besluit dan watter soort been jy is.